

Bennie beertjie om te brei

BENODIGDHEDE

3 bolle (50 g elk) dubbelbrei-draad in kameelkleur; 25 g elk naaswit en bloedrooi; 1 paar elk breipenne van 3 mm en 3½ mm; stukkie swart breidraad en twee 12-mm-swart sirkels vilt vir oë; kapok vir vulsel.

GROOTTE

40 cm hoog

SPANNING

12 ste per 5 cm

AFKORTINGS

r — regs; rek — reksteek (elke ry r); st(e) — steek (steke); vlg — volgende; verm — vermeerder; vermin — verminder; beg — begin; herh — herhaal; tes — tesaam; dv — draad vorentoe; K — kameelkleur; N — naaswit; R — rooi.

AGTERPANT VAN HOOFDEEL

Begin by onderste rand van die lyf. Gebruik 3½-mm-penne en K, stel 30 ste open r 1 ry.

*2e Ry: r 14 (verm in vlg st) 2 keer, r 14.

3e Ry: r.

4e Ry: r 15, (verm in vlg st) 2 keer, r 15.

5e Ry: r.

6e Ry: r 16, (verm in vlg st) 2 keer, r 16.

7e Ry: r.

8e Ry: r 17, (verm in vlg st) 2 keer, r 17 *.

9e Ry: r.

10e Ry: r 18, (verm in vlg st) 2 keer, r 18 — 40 ste.

Brei 36 rye r.

Vermin-ry: r 5, (r 1, r 2 tes) tot laaste 5 ste, r 5. Brei 1 ry r.

Vermin-ry: (r 2 tes) tot einde.

Slaan oor na 3-mm-penne en r 5 rye vir nek.

Slaan oor na 3½-mm-penne.

Verm-ry: Verm in elke st tot einde — 30 ste **.

Dié mollige nefie van Teddie is 'n sterk, oulike knapie en die jongste van 'n groot familie. Hy is in reksteek gebrei en lyk tog te spoggerig met sy rooi das en tweekleurbaadjie

deur HENRIETTE LOUW





Bewys u voete 'n guns.

Kry daardie besonderse Scholl-gevoel. Alle Scholl-skoeisel is spesiaal ontwerp met die unieke toongreep. Dit knap u bene op en sorg vir gemak terwyl u loop of staan. Scholl-sandale, cloggies en clogs. In deftige, moderne style en kleure wat by die jongste modes pas. Glip Scholls aan en bewys u voete 'n guns. Te kry by alle toonaangewende apteke en afdelingswinkels.



McCann Erickson 9615/1A

Brei 29 rye r en vermin 1 st aan elke kant van elke ry totdat 10 ste oorbly. Heg af.

VOORPANT

Soos agterpant tot by **
Brei 4 rye r.

Neusvorming: Herh van * tot * van agterpant 1 keer — 38 ste.

Brei 7 rye r.

Vermin-ry: r 11, (r 2 tes) 8 keer, r 11.

Brei 10 rye r.

Vermin 1 st aan elke kant van elke ry totdat 10 ste oorbly. Heg af.

Werk agter- en voorpante reg rondom toe, maar los net 'n klein opening bo-op die kop. Stop baie styf en werk opening toe.

BENE (2)

Beg by voetsool. Gebruik 3½-mm-penne en K en stel 20 ste op en r 1 ry.

Verm-ry: verm in elke st tot einde. Brei 10 rye r.

Vermin-ry: r 10, (r 2 tes) 10 keer, r 10: 30 ste.

Brei 40 rye r. Heg af. Werk been- en voetnaat toe, maar los afgehegte rand oop. Stop baie styf. Vou afgehegte rand om sodat beennaat agter in die middel is en werk oorhands toe. Werk elke been by onderste naat van lyf vas.

ARMS (2)

Gebruik 3½-mm-penne en K, stel 13 ste op en r 1 ry.

Verm-ry: verm in elke st tot einde: 26 ste.

Brei 36 rye r.

Fatsoenering van bopunt

Vermin 1 st aan elke kant van elke ry totdat 2 ste oorbly, r 2 tes en heg af.

Werk naat toe, maar los gefatsoeneerde kant oop en stop styf. Werk gefatsoeneerde kante toe en plaas punt dan by vermin-ry van nek en werk hierdie rand aan die naat van die hoofdeel vas.

ORE (4 eenderse dele)

Gebruik 3½-mm-penne en K en stel 14 ste op en brei 1 ry r.

Verm-ry: r 5, (verm in vlg st) 4 keer, r 5 — 18 ste.

Brei 10 rye r.

Vermin 1 st aan elke kant van elke ry totdat 8 ste oorbly. Heg af, maar r terselfdertyd 2 ste tes tot einde. Werk ore in pare aanmekaar. Plaas ore 5 cm van mekaar af en werk opgestelde kante al langs kopnaat aan weerskante vas.

GESIG

Gebruik swart wol en begin net bokant die laaste verm van neus; borduur neus in satynsteek oor 3 rye en 5 ste maak 2 lang skuins steke aan onderkant vir mond. Merk waar oë moet kom en steek met stopnaald 'n sterk draad deur kop tussen oëposisies. Trek styf om die snuit te vorm en heg stewig af. Werk die vilt sirkels vas en werk twee reguitstekies met K in die oë.

BAADJIE

Beg by voorrand met 3½-mm-penne en N, stel 24 ste op en r 12 rye.

Mousgatvorming:

*Heg 12 ste af aan beg van vlg ry. Brei 11 rye r. Stel 12 ste op aan beg van vlg ry *.

Brei 71 rye r en herh van * tot *. Brei 12 rye r. Heg af.

Randjie: Gebruik 3½-mm-penne en R en tel op en r 24 ste al langs afgehegte rand, 60 ste langs onderste rand en 24 ste langs opgestelde rand en r 1 ry.

Vlg Ry: r 2, (dv, r 2 tes) tot einde. Heg lossies r-gewys af.

Mousgatrandjie

Met regte kant na jou toe, gebruik 3-mm-penne en R en tel op en r 32 ste egalig rondom elke mousgat. Heg r-gewys af. Werk skouer-nate toe.

DAS

Stel 2 ste op met 3½-mm-penne en R en r 1 ry. Verm 1 st aan beg van vlg en vlg 2 alt rye: 5 ste. Brei reguit in rek aan totdat die breiwerk 38 cm lank is en eindig aan die korter rand. Vermin 1 st aan beg van vlg en elke alt ry totdat 2 ste oorbly, r 2 tes en heg af.

Maak 10 cm van een punt af 'n stringlus met 4 drade oor die das en knoopsgatsteek oor die drade. Steek die punt deur die lus.